

Gereformeerde Kerk Bellville – 22 Julie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 128:1, 4 – vers 4: sing *ons* i.p.v. *jy* en *jou*

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

- 4 Mag ryke seëninge / uit Sion jou bedou;
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!
mag jy nog, op jou bedde, / 'n nakroosseen verkry!
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 75:1, 4, 6 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.

- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

- 6 God van Jakob, lof en prys / sing ek ewig tot u eer!
Hoë horings werp ek neer / wat teen U het opgerys.
Maar ons horing, swaar getref, / word deur God weer opgehef.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 25:2, 4 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

- 4 God is goed in al sy handel, / en sy pad is enkel reg;
daarom laat Hy sondaars wandel / in die waarheid van sy weg.
Hy sal met sy hand hul lei / wat verdwaal was en verlore;
wie sagmoedig is, laat Hy / wandel op sy regte spore.

Gebed

Psalm 119:34, 35 (p. 593)

- 34 Aarde, hemel, alle dinge – / niks wat ooit u ord'ning breek;
want hul almal is u knegte, / stip-gehoorsaam as U spreek.
Was u wet nie al my lus nie, / dan het ek in smart versmag;
maar nou dit my krag gewek het, / dink ek daaraan dag en nag.

- 35 U behoort ek al my dae, / help u dienaar, goeie HEER!
Soek my heil; ek soek my lewe / in die waarheid van u leer.
Godelose wil my ombring, / lê en loer en hou die wag,
maar ek let op hoë dinge, / 'k gee op u getuig'nis ag.

Skriflesing: Rigters 1

Kernverse: Rigters 1:1-2

En ná die dood van Josua het die kinders van Israel die HERE geraadpleeg en gesê: Wie van ons moet eerste optrek teen die Kanaäniete om teen hulle te veg? En die HERE het gesê: Juda moet optrek. Kyk, Ek gee die land in sy hand. (Rigters 1:1-2 AFR53)

Tema: Om die Here te gehoorsaam lei tot ongekende seën

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit gebeur in 'n samelewing, in 'n gemeente se lewe en in 'n huisgesin se lewe – wanneer 'n leier of 'n voorganger sterf, is daar vir 'n oomblik 'n leemte in die voortgang van alles. Dit is asof alles vir 'n oomblik tot stilstand kom en dit lyk of daar nie dadelik 'n plan is hoe om voort te gaan nie. Wanneer die pa van 'n huisgesin of 'n voorganger in die gemeente sterf, voel alles vir 'n oomblik so deurmekaar.

Dit was seker ook Israel se belewenis toe Josua gesterf het. Josua en Kaleb, saam met die res van die volk wat nou al sestig jaar oud was, het die almag van die Here gesien. Die Here het sy verbond met Abraham onthou en sy volk onder die leierskap van Moses uit die ystergreep van die farao van Egipte verlos. Moses was 'n goeie leier na wie die Israëliete opgekyk het. Kort voor die dood van Moses het die Here aan hom die opdrag gegee om vir Josua in sy plek aan te stel. Omdat Moses verkeerd gedoen het in die oë van die Here, het die Here geoordeel dat Moses nie in die beloofde land sou kom nie. Dit is aan Josua vir wie die Here die opdrag gee om Israel in die beloofde land in te lei.

In die boek Josua lees ons hoe getrou Josua sy opdrag uitgevoer het. Omdat die Here die land aan sy volk belowe het, het Hy die Kanaäniete voor Israel verdryf. Spoedig het hierdie aanvanklike inname van die beloofde land geskied. In die opsomming van die inname hoor ons dat Josua die hele land ingeneem het (Jos 11:16-23). Tog erken Josua aan die einde van sy lewe dat daar nog groot dele van die land was wat ingeneem moes word en nog nasies wat uit die beloofde land verdryf moes word (Jos 13:1-7; 23:1-13). Dit wil sê, die aanvanklike inname van die land het beteken dat die versterkte stede van die heidene deur Israel getref is en die Here het hulle voor sy volk uit verdryf. Nou het daar nog groot dele in die platteland – kleinerige stede en dorpies in elkeen van die stamme se gebiede – oorgebly waaruit die heidene verdryf moes word.

En nou, broers, susters en kinders, verneem ons dat Josua dood is. Die Here het egter nie voor sy dood aan Josua gesê wie hom moes opvolg as leier vir die volk nie. Daar was ook nog nie 'n koning in Israel nie – iets wat ons later by herhaling sal hoor in die boek Rigters. Skielik is daar na die dood van Josua 'n leemte in die leierskap. Dit is so van 'n mens se kant gesien, maar Israel was nie werklik sonder iemand wat hulle geregeer het nie.

Noudat hulle die land grootliks uit die hand van die Here ontvang het, moes gebeur waarvoor die Here hulle oor die veertig jaar in die woestyn voorberei het. Israel moet 'n teokratiese volk wees. Dit wil sê, hulle word net deur die Here alleen geregeer. Hulle het sy wet ontvang en die Here die nageslag van Aäron aangestel om, as priesters, tussengangers tussen die volk en die Here te wees. Wanneer die priesters die wet aan die volk onderrig, spreek die priesters namens die Here met die volk. En wanneer die priesters die offers van die volk bring en tot die Here bid, spreek die priesters namens die volk tot die Here.

Kort na die dood van Josua het die volk inderdaad as 'n teokratiese volk opgetree en geleef. Israel het die Here na Josua se dood geraadpleeg en gevra:

Wie van ons moet eerste optrek teen die Kanaäniete om teen hulle te veg?
(Rigters 1:1 AFR53).

Op hierdie punt is daar eers twee dinge wat opgemerk moet word. Dit gaan oor die samestelling van die boek Rigters en oor hierdie saak dat die Kanaäniete uitgeroei moes word. Oor laasgenoemde is daar baie mense wat deesdae sê dat God 'n wrede God is om aan sy volk die opdrag te gee om die heidene in die beloofde land voor die voet uit te roei. Die mense wat hierdie dinge sê is oënskynlik nou so beskaafd dat hulle niks wil weet van die God van Israel wat so 'n opdrag gegee het nie.

'n Mens moet egter hierdie opdrag van die Here aan Israel binne die konteks lees waarin die Here dit gegee het. Toe die Here sy verbond Abraham gesluit het, het Hy belowe dat die land waarin Abraham as vreemdeling woon sy nageslag se eiendom sal wees. Maar Abraham se nageslag sal eers vir vier honderd jaar die slawe van 'n ander volk wees, want eers dan sal die sonde van die Amoriete vol wees. Die Amoriete is deel van die Kanaäniete wat in die beloofde land is. Op die tyd wat die Here self bepaal het, sal Hy Hom nie langer ontferm oor die Kanaäniete nie. Dan gaan Hy hulle met sy oordeel tref. Wanneer Israel dan die opdrag kry om die Kanaäniete uit te roei is dit die Here self wat sy oordeel oor die Kanaäniete voltrek.

Ons moenie in die strik trap om die Here van wreedheid te wil beskuldig nie. Ons moet eerder onthou dat daar nie een mens op die aarde is wat verdien om genade van die Here te ontvang nie. Van Adam en Eva af – die eerste ouers van die hele mensdom – is alle mense in sonde ontvang en gebore. Wie hom nie tot die Here bekeer en in Hom glo en Hom dien nie, sal verlore gaan. Niemand van ons in hierdie erediens is geregtig op die genade van die Here nie. Elkeen wat deur Jesus Christus verlos is, sal getuig dat God die verlossing aan hom gegee het omdat die Here wil en nie omdat hy iets wonderliks vir die Here gedoen het nie. Trouens, as die Here sou besluit het om alle mense in hulle sonde te los en heeltemal verlore te laat gaan, sou Hy nie onregverdig wees nie. Dit was die mens self wat besluit om nie na die Here te luister nie, maar eerder sy ore uit te leen vir die slimpraatjies van die duiwel.

En nou iets kortliks oor die samestelling van die boek Rigters. Rigters 1, 2 en 3 tot by vers 6 is 'n inleiding tot die hele boek. Van Rigters 3:7 af tot aan die einde van Rigters 16 hoor ons van die twaalf rigters wat die Here vir sy volk gegee het. Dit begin met Othniël uit die stam Juda en eindig met Simson uit die stam Dan. In Rigters 9 word van Abimelek vertel, maar hy was nie 'n rigter nie. En dan sluit die boek af met twee uiters ontstellende episodes. Rigters 17 en 18 vertel van die afgodery van Miga uit die stam Efraim en die uiteindelijke afvalligheid van die Daniëte. Rigters 19 tot 21 vertel van 'n gruwelike ding wat gebeur in Israel en byna uitloop op die totale vernietiging van die stam Benjamin.

'n Laaste opmerking oor die samestelling van die boek. Die inleiding verdeel in drie dele. Dit is die drie kere wat die Here met sy volk praat. Hierdie drie kere kan die woorde van die Here soos volg benoem word: die eerste keer is dit 'n aanwysing vir die volk (Rig 1:2), die tweede keer 'n aanklag (Rig 2:1-3) en die derde keer is dit 'n koninklike uitspraak van die Here (Rig 2:20-22). Kom ons luister nou wat die Here die eerste keer sê en wat daarna gebeur.

Israel het die Here geraadpleeg: **Wie van ons moet eerste optrek teen die Kanaäniete om teen hulle te veg?** Die Here het 'n duidelike aanwysing gegee van wat Hy wil hê moet gebeur. Die Here het gesê:

Juda moet optrek. Kyk, Ek gee die land in sy hand. (Rigters 1:2 AFR53)

Dit is nie 'n nuwe opdrag wat die Here gee nie. Dit is presies wat Hy nog vir Israel gesê het toe Moses en Josua geleef het. Gehoorsaam aan die Here moet hulle optrek. Hulle moenie bang wees of twyfel nie. Die Here sal hulle nie in die steek laat of alleen laat nie. Hy gee die land in Juda se hand.

Omdat Juda en Simeon se toegewese grondgebied bymekaar geleë was, het Juda vir Simeon gevra om saam met hom op te trek en dan sal Juda weer saam met Simeon optrek om sy grondgebied in te neem. Juda het inderdaad die land in sy hand gekry, soos die Here belowe het. Tienduise man van die heidene het by Besek geval. Hulle het die koning van Besek gevange geneem en sy groot tone en duime afgekap. So het die Here hierdie geharde heiden vergeld vir wat hy aan sewentig ander konings gedoen het. Uiteindelik het Adoni-Besek in Jerusalem gesterf. Die sukses van Juda se veldslae teen die heidene in sy grondgebied kan net toegeskryf word aan sy gehoorsaamheid en vertroue in die Here.

In Juda se optrek soos die Here gesê het, sien ons ook hoe Hy die beloftes – oues en nuwes – in vervulling bring. Juda oorwin die heidene en Kaleb kry die gebied by Hebron soos die Here aan hom belowe het. Kaleb het selfs die Enakiete in sy grondgebied uitgeroei. Die Enakiete was die reuse vir wie die tien ongelowige verkenners so bang was veertig jaar gelede. Daar is egter net een vlek op Juda se optrek om sy gebied in besit te neem. Hulle het nie die bewoners van die laagte verdryf nie, omdat hulle ysterwaens gehad het. Op die oog af lyk dit na 'n geldige verskoning. Maar hierdie is eerder 'n berig waarin ons sien dat Juda nie meer teen die einde van sy veldslae ten volle in die Here vertrou het nie. Ysterwaens was nie in die verlede 'n probleem nie. Farao het ook strydwaens gehad en die Here het hulle almal oorweldig. Hierdie ysterwaens kan mos nie sterker as die Here wees nie. Hy is tog die almagtige God wat gesê het dat Hy die land in Juda se hand gee.

Van die veldslae van die ander stamme hoor ons hier en daar van 'n oorwinning, maar die teleurstellings word net al meer. Benjamin kan nie die Jebusiete uit hulle deel van Jerusalem verdryf nie. Jerusalem was op die grens van Juda en Benjamin. Die huis van Josef laat die man van Bet-el lewendig wegkom. Die heiden wat lewendig weggekom het, het net op 'n ander plek sy heidense lewenstyl voortgesit. Hy het weer 'n stad gebou met die naam Lus, terwyl die Here die Kanaäniete en hulle lewenstyl vir die verdelging bestem het.

Manasse kon nie al die heidene uit sy gebied verdryf nie. Efraim het ook Kanaäniete gehad wat hy verdryf het nie, so ook Sebulon. Telkens hoor ons van hierdie stamme dat die Kanaäniete onder hulle of in hulle midde bly woon het. Toe hierdie stamme sterker geword het, het hulle die Kanaäniete slawewerk laat doen vir hulle. In 'n mate het hierdie stamme van Israel vrede gemaak met die heidene onder hulle.

Wanneer die Heilige Gees van Aser en Naftali vertel, hoor ons dat ook hulle nie al die heidene uit hulle gebiede verdryf het nie. Maar nou kom daar 'n verandering. Dit is nou nie meer die Kanaäniete wat in hulle midde bly nie, maar Aser en Naftali bly in die midde van die Kanaäniete. En as Hy van Dan vertel, hoor ons van 'n groter teleurstelling. Die heidene in Dan se gebied kry dit reg om Dan die berge in te jaag, sodat Dan nie in

die laagte kon gaan woon nie en die Amoriëte kies waar hulle kan bly en voortgaan met hulle heidense lewenstyl.

Die Here het nooit gesê dat Israel die land maklik in die hande sou kry nie. Hy het wel die belofte gemaak dat Hy die land in Israel se hand sal gee. Hulle moes net gehoorsaam optrek en die heidene uitroei. Hulle moes nie bang wees of twyfel nie, want die Here sal hulle nie in die steek laat of alleen laat nie. Juda was die eerste wat teen die einde nie meer volle vertroue gehad het nie. Vir die ander stamme het dit blykbaar net makliker geword om vir hulleself te sê dat hulle nie die Kanaäniete heeltemal kan uitdryf nie. En dan kom die groot teleurstelling dat Dan selfs deur die heidene die berge in gejaag word, sodat hulle nie in die laagte kan woon nie.

Geliefdes, vandag het gelowiges nie meer heidene om te verdryf en uit te roei soos wat Israel moes doen nie. Maar dit beteken nie dat gelowiges vandag minder van 'n stryd het om te voer nie. Daarom het die Heilige Gees vir Paulus gelei om aan die Efesiërs te skryf van die wapenrusting van God vir die geestelike stryd wat die Christen moet voer. Christene se stryd is inderdaad vandag nie meer teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte in die lug.

Dit is 'n stryd wat elke ware gelowige in sy eie lewe voer en wat gelowiges as kerk van die Here saam voer in hierdie wêreld wat homself in 'n baie groot mate in die greep van die Bose bevind. Elke Christen is inderdaad deur Jesus Christus verlos en dit het gebeur net omdat God genadig is. Die Christen was nie geregtig op die verlossing nie. Christus se kosbare bloed het wel die Christen van die sonde en die oordeel van God verlos. Tog beteken dit nie dat die Christen nou maar houtgerus agteroor kan sit nie.

Binne-in elke Christen is daar nog 'n sondige geaardheid wat hoe langer hoe meer doodgemaak en begrawe moet word. En wanneer 'n mens dit een maal reggekry het om 'n verleiding te oorwin en nie in die sonde te struikel nie, beteken dit nie dat 'n mens nooit vir daardie sonde sal struikel nie. Die duiwel ken jou en my swak plekke baie goed. Daarom sal hy oor en oor met 'n ander verleiding kom om jou en my ou mens so ver te kry om die oorhand in ons lewens te kry. As ons bely dat ons met liggaam en siel aan Christus behoort, kan ons nie toelaat dat een deel van ons liggaam of een deel van ons lewe nie onder die heerskappy van Christus kom nie.

Laat ons daarom aanhou bid dat God se koninkryk in ons lewens moet kom. Moet ook nooit ophou bid dat die Heilige Gees aan jou die krag gee om hierdie heilige stryd teen die duiwel en sy bose magte te voer nie. As ons nie afreken met ons sondige geaardheid nie, sal hy net soos daardie heiden van Bet-el 'n ander plek kry in ons lewens om sy tent op te slaan. Laat ons mekaar ook bystaan in hierdie stryd, want nie ek of jy is elke dag so op ons hoede dat ons betyds die verleiding raaksien nie. Dikwels moet 'n medegelowige ons wys op die gevaar en ons help in die stryd.

Alhoewel hierdie hoofstuk in 'n groot mate teleurstellend is, het die Heilige Gees tog vir ons vertroosting in in vers 11 tot 15. Hier kry ons vir Othniël wat die stad Debir inneem en ook die hand van Agsa die dogter van Kaleb wen, sowel as vrugbare grond om te bewerk. Hier sien ons 'n belofte wat gehou is, 'n geskenk wat gegee word en 'n huwelik wat gesluit word. Ons weet dat die huwelik 'n verhouding is wat die Heilige Gees dikwels in die res van die Skrif gebruik om die verhouding tussen God en sy volk uit te beeld.

Ons kry dus in hierdie verse die vertroosting en aanmoediging. Wanneer 'n mens se gehoorsaamheid geheg bly aan die opdrag van die Here en 'n mens se uitvoering van die

Here se opdrag gedoen word in afhanklikheid van die Here se krag, dan word die huwelik uiteindelik gesluit – dan word Israel die bruid van die Here. Wanneer 'n mens gehoorsaam bly aan die Here en op sy krag bly vertrou, sal jy uiteindelik die voorreg hê om deel te bly van die bruid van Jesus Christus en deel te neem aan die bruilofsmaal van die Lam.

Amen!

Slotgebed

Psalm 103:8, 9 (p. 505)

- 8 Die mens – soos gras is al sy lewensdae, / 'n blom wat ons aanskou met welbehae,
maar wat kortstondig is en baie teer. / Sodra die rukwind oor die veld gekom het,
dan knak die steel wat lustig daar geblom het: / dis weg – sy staanplek ken hom selfs nie meer.
- 9 Maar Gods genade^{en} goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 145:1, 2 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone^ooorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
22 Julie 2018